# Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

# Toelatingsvereistes en keuringskriteria vir voorgraadse programme

Hierdie dokument geld vir kandidate wat in 2027 in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe wil studeer. Raadpleeg asseblief die Fakulteitsjaarboek vir meer inligting oor die verskillende programme wat ons aanbied.

## 1. Alle programme is keuringsprogramme

Al die programme aan ons Fakulteit is keuringsprogramme. Jy kry ongelukkig nie outomaties toelating tot ons Fakulteit wanneer jy aan die minimumvereistes voldoen nie. Keuring word gedoen volgens die Fakulteit se algemene toelatingsvereistes, die spesifieke vereistes van sekere programme, jou matriekvakke en jou prestasie in die eindeksamen, en ander faktore soos in ons keuringsbeleid uiteengesit.

## 2. Hoekom word ek nie outomaties toegelaat as ek aan die minimumvereistes voldoen nie?

Die minimumvereistes is die laagste afsnypunt om **oorweeg** te word vir keuring. Benewens jou uitslae in jou skooleindeksamen, kyk ons ook na die vakke wat op skool geneem het, die program(me) waarvoor jy aansoek gedoen het, jou sosio-ekonomiese status en enige ander relevante faktore met die oog op die uitnemendheid, diversiteit en potensiaal van ons studentekorps. Aangesien ons baie meer aansoeke ontvang as die beskikbare plekke, is die afsnypunt vir toelating gewoonlik aansienlik hoër as die minimum vereistes.

## 3. Hoeveel plekke is daar in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe?

Ons het gewoonlik **1200** plekke in die Fakulteit vir eerstejaars – 1100 vir nuwelinge en 100 vir studente wat reeds by 'n ander fakulteit of universiteit iets anders begin studeer het.

Die 1200 plekke vir nuwelinge word soos volg ingedeel:

- 650 plekke in die programme met algemene keuring – hiervan word 550 toegewys aan hoofstroomprogramme en 100 aan Verlengdekurrikulumprogramme (kyk afdeling 7)
  - BA (Geesteswetenskappe)
  - BA (Taal en Kultuur)
  - BA (Internasionale Studie)
  - BA (Menslike Hulpbronbestuur)
  - BA (Ontwikkeling en Omgewing)
  - BA (Politieke, Filosofiese en Ekonomiese studie (PPE))
  - B in Datawetenskap (fokusarea Geo-Informatika)
- 350 plekke in die programme met programspesifieke keuring
  - 60 studente vir BA (Drama- en Teaterstudie)

- 50 studente vir BA (Regsgeleerdheid)
- 60 studente vir BA (Visuele Kuns)
- 100 studente vir B in Maatskaplike Werk
- 80 studente vir die Departement Musiek se programme
  - Hoër Sertifikaat in Musiek
  - Diploma in Praktiese Musiek
  - Gevorderde Diploma in Praktiese Musiek
  - BA (Musiek)
  - BMus

## 4. Vereistes om aanvaar te word

**Dit is belangrik dat jy in die Fakulteit se Jaarboek onder "Voorgraadse programme" kyk na die gedetailleerde inligting. Die onderstaande is slegs 'n opsomming en sekere programspesifieke vereistes word dalk nie hier genoem nie.**

### 4.1 'n Graad 12-sertifikaat

Die Fakulteit aanvaar die graad 12-eksamenuitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS), die Onafhanklike Eksamenraad se Nasionale Senior Sertifikaat (IEB-NSS) en die Suid-Afrikaanse Omvattende Assesseringsinstituut (SACAI).

### 4.2 En as ek nie een van hierdie sertifikate het nie?

As jy nie een van die bogenoemde eksamens geskryf het nie, doen ons die volgende:

- As jy in 2007 of voor dit 'n Suid-Afrikaanse Senior Sertifikaat behaal het, gebruik ons die gemiddelde persentasie van jou skooleindseksamen vir keuring.
- As jy die Cambridge-, Onafhanklike Eksamenraad se Internasionale Sekondêre Sertifikaat (IEB-ISS)-, School of Tomorrow-, Tuisskool- of 'n ander graad 12-eksamen geskryf het, en/of jy is 'n internasionale aansoeker, verwys ons jou skooleindsertifikaat na die Universiteit se internasionale dienssentrum. Hulle gebruik dan 'n omskakelingstabel om 'n vergelykbare gemiddelde eindpersentasie uit te werk wat ons vir jou keuring gebruik.

### 4.3 Punte- en vakvereistes

- Die prestasie wat op jou skoolverlatersertifikaat staan, moet aan die toelatingsvereiste voldoen wat in die Jaarboek staan by die program(me) waarvoor jy aansoek doen.
- Die Fakulteit kyk na die spesifieke vakke wat jy op skool geneem het en dit is ook 'n bepalende faktor by jou toelating. Kyk asb. na die lys gespesifiseerde toelatingsvakke in die Jaarboek.
- Onthou, die feit dat jy aan die minimum voldoen, is geensins 'n waarborg dat jy sal plek kry nie. Dit is net die beginpunt van die keuringsproses.

## 5. Moet ek die Nasionale Normtoetse (NNT's) skryf?

NNT's is gewoonlik *nie* nodig vir aansoekers wat die NNS- of SACAI-eksamen geskryf het nie, maar sommige programme kan van jou verwag om NNT's te skryf. Maak asseblief seker hiervan deur die toelatingsvereistes van die program waarvoor jy wil aansoek doen in die Jaarboek op te soek.

As enige van die volgende op jou van toepassing is, **moet** jy die NNT's skryf teen **30 September** van die jaar voordat jy aan die US wil kom studeer:

- Jy het 'n Amerikaanse Hoërskooldiploma;
- Jy het 'n Internasionale Sekondêre Sertifikaat van die Onafhanklike Eksamenraad (IEB);

- Jy kom uit die School of Tomorrow; of
- Jy kom uit enige aanlyn skoolstelsel.

# 6. Die aansoekproses en wat ons daarna doen

## 6.1 Sluitingsdatum

Jou aansoek moet elektronies ingedien word teen **31 Julie** van die jaar voordat jy aan die US wil begin studeer. Ons aanvaar laat aansoeke slegs in uitsonderlike gevalle en as daar nog plek oor is nadat die aansoeke van almal wat betyds was, in ag geneem is. Dis belangrik dat jou aansoek **volledig** moet wees. Aansoeke wat ondersteunende dokumentasie kort wat eers na 31 Julie verskaf word, tel as laat aansoeke.

## 6.2 Hoe word my aansoek verwerk?

Aansoeke vir een van die **programme met 'n programspesifieke keuringsproses** word volgens die betrokke program se keuringsbeleid hanteer. Aangesien hierdie keuringsproses lank kan neem, word jy solank voorwaardelik aanvaar vir 'n ander program wat volgens die Fakulteit se algemene keuringsproses werk, solank jy aan daardie program se vereistes voldoen. Indien jy dan later 'n aanbod ontvang vir 'n program met 'n eie keuringsproses, kan jy kies om die eerste voorwaardelike aanbod van die hand te wys en die nuwe aanbod voor **30 September** te aanvaar. Ons kan plekke in programme met programspesifieke keuringsprosesse na algemene programme oordra as hulle nie gevul word nie.

Aansoeke vir een van die **programme wat nie hulle eie keuringsproses het nie** maar van die Fakulteit se algemene keuringsproses gebruik maak, word soos volg hanteer:

i. Ons besluit wat die laagste gemiddelde punt is wat ons vir die betrokke jaar kan gebruik om voorwaardelike toelatings te gee.
ii. As jou finale punt in graad 11 gelyk aan of hoër as hierdie punt is, en voldoen aan die vereistes vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen, word jy outomaties gekeur en kry jy 'n *voorwaardelike aanbod.* Jy moet dit teen **30 September** aanvaar, anders verval dit**.** Jou *finale aanbod* sal eers kom nadat jou finale uitslae vir graad 12 in Januarie bekend raak.
iii. As jy klaar 'n **Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)** het met 'n gemiddeld gelyk aan of hoër as die afsnypunt, en jou punte voldoen aan die vereistes vir die program(me) waarvoor jy aansoek doen, ontvang jy outomaties 'n *finale aanbod*. Jy moet hierdie aanbod aanvaar teen die sluitingsdatum in die brief wat ons vir jou stuur.
iv. Na 31 Augustus begin ons met die finale keuring op grond van die volgende faktore:
    - Die aantal beskikbare plekke;
    - Jou akademiese meriete;
    - Jou sosio-ekonomiese status; en
    - Die diversiteitsbalans van die totale groep aansoekers.

    As jou aansoek suksesvol is, sal die Fakulteit jou in kennis stel dat jy gekeur en voorwaardelik toegelaat is.

## 6.3 Mag ek meer as een aanbod op 'n slag aanvaar?

Nee, indien jy 'n aanbod van ons Fakulteit ontvang en aanvaar het en dan daarna 'n aanbod van 'n ander fakulteit wil aanvaar, moet jy eers die aanbod van ons af van die hand wys voordat jy die ander een kan aanvaar. As jy later van plan verander en wil terugkeer na jou programkeuse by ons, moet jy dit skriftelik versoek teen **31 Oktober** van die jaar voor jy by die US wil registreer. Ons kan jou versoek net oorweeg as daar op daardie stadium nog plek is.

## 6.4 Ander belangrike datums

**30 September van die jaar waarin jy aansoek doen**

Datum waarteen jy jou voorwaardelike aanbod moet aanvaar.

**31 Oktober van die jaar waarin jy aansoek doen**

As jy 'n aanbod verwerp het en wil vra dit moet weer ingestel word.

**25 Januarie van die jaar waarin jy wil begin studeer**

Sluitingsdatum vir aansoeke om toegelaat te word tot 'n verlengde graadprogram as jy op grond van jou finale graad 12-punte nie in die hoofstroomprogram aanvaar is nie (kyk punt 7 hier onder).

# 7. Hoe werk die Verlengde Kurrikulumprogram?

Die Verlengde Kurrikulumprogram is, soos die naam sê, 'n verlenging van die volgende graadprogramme:

- BA (Geesteswetenskappe)
- BA (Taal en Kultuur)
- BA (Internasionale Studie)
- BA (Menslike Hulpbronbestuur)
- BA (Ontwikkeling en Omgewing)

In hierdie programme word die kurrikulum oor 4 jaar geneem in plaas van 3, en kry studente in die eerste twee jaar addisionele modules in akademiese geletterdheid en ander relevante inhoud.

Ons vul die plekke in 'n VKP met kandidate wie se graad 12-gemiddeld net-net onder die afsnypunt vir die hoofstroomprogram val. Die afsnypunt is nie vas nie en kan van jaar tot jaar skuif, gegrond op die afsnypunt vir die hoofstroomprogram. Dieselfde faktore as in afdeling 6.2 word ook hier gebruik vir toelating tot 'n VKP.

## 7.1 Kan ek na die hoofstroomprogram oorskakel as my finale punte hoër is?

Nee. As jy aanvaar is vir toelating tot 'n VGP, kan jy nie na 'n hoofstroomprogram oorskakel op grond van jou finale uitslae nie.

## 7.2 En wat gebeur as my finale punte te laag is?

As jy voorwaardelik tot 'n hoofstroomprogram toegelaat is, maar jou finale punte voldoen nie aan die vereistes van die program nie, kan jy vra om tot 'n VKP toegelaat te word. E-pos ons teen **25 Januarie** van die jaar waarin jy aan die US wil registreer by askfass@sun.ac.za. Maak die onderwerp van jou e-pos "FLSW: Heroorweging vir VKP". Ons sal jou versoek oorweeg as daar plek oor is nadat die studente wat reeds aanvaar is, geregistreer het.

# 8. Is daar 'n waglys?

Ons hou nie 'n waglys by nie. Die Fakulteit kry histories veel meer aansoeke as wat daar plekke is.